Hoërskool Tuine

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

Omsendskrywe No. 1 van 2025 **23 Januarie 2025**

Geagte Ouers en voogde

‘n Spesiale woord van verwelkoming aan elke ouer en leerder. Ons beste wense vergesel u. Die Tuine personeel is opgewonde oor die jaar wat voorlê en sien uit om 2025 saam met u te stap.

Hiermee wil ons ook die geleentheid gebruik om die jaar tema aan u voor te hou:

Gedagte vir 2025:

Jy is op ‘n wonderbaarlike wyse geskep.

Ek wil U loof, want U het my op ‘n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker” Psalm 139:14 (AFR83)

Die Hebreeuse woord vir “wonderbaarlike”, ‘pälâ’ (H6395) beteken: “Om te onderskei, ‘n verskil te maak, wys die fantastiese, te skei, af te sonder, af te sny om wonderlik te maak.”

God het jou uitgesonder. Deur Jesus Christus se bloed wat vergiet is, het Hy jou afgesny van die vlek van sonde. Deur Sy bloed het Hy jou as sy eie gemerk. Jy is anders. Kies dus om anders te wees. Kies om in Christus se lig te wandel. Kies om die lig van Christus te weerspieël.

God het jou so lief dat Hy jou as sy eie gemerk het. Jy is sorgvuldig gemaak deur die hand van God. Jy is God se vingerafdruk op aarde, kies dus om sy hart te weerspieël.

Vorm jouself volgens sy Woord. Vorm jouself na sy hart. Jy is wonderbaarlik gemaak na die hand en hart van God.

Jy is uniek. God gee so baie vir jou omdat Matteus 10:30-31 verklaar: “Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.”

God gee om vir elke aspek van jou lewe, insluitend die hare op jou kop.
God gee om vir jou; Hy gee selfs vir die kleinighede om.

PSALMS 139:14
Ek wil U loof, want U het my op ‘n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker.

MATTEUS 10:30-31
Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.”

JY IS WONDERBAARLIK, JY IS GELIEFD, JY IS …

Ons skool, Ons toekoms, Ons waardes

Ons Visie:

Om Hoërskool Tuine binne en buite sy gemeenskap uit te bou as 'n ekonomiese selfstandige inrigting, wat uitnemendheid op alle gebiede nastreef, sodat die kind in sy totaliteit ontwikkel sal word

Ons leef ons waardes:

Hoërskool Tuine se vyf waardes bepaal ons gesindheid en gedrag op elke terrein. Leerders asook hul ouers onderteken 'n erekode en onderneming, waarin hierdie waardes en die verwagte gedrag duidelik uiteengesit word.

Ons waardes is:

TROTS
UITNEMENDHEID
INSPIRASIE
NEDERIG
ENTOESIASTIES

Ons is Tuine, met Standvastigheid sal ons groei in ons waardes

ALGEMENE SKOOLINLIGTING

Verwelkoming van nuutaangestelde personeellede

Hoërskool Tuine is trots om ons nuut aangestelde personeellede aan u voor te stel.

Me. L Adendorff

Me. I Swart

Me. S Klee

Mnr. D van der Linde

Graad 9 – 12 Ouerinligtingsaand

Daar sal op 29 Januarie om 18:00 ‘n ouerinligtingsessie gehou word om sodoende ons strewe na doeltreffende kommunikasie met u as ouers of voogde te behartig. Ons wil dus elke ouer of voog aanmoedig om hierdie aand by te woon. Die inligting sessie sal in die skoolsaal aangebied word. Ons sien uit om u daar te ontvang.

Beheerliggaamverkiesing

Daar is vier beheerliggaam posisies wat gevul moet word. Verdere inligting rakende die verkiesing sal volg.

Kuktuuraangeleenthede

Ons is opgewonde om meer inligting mee te deel oor die Allegretto Nasionale Eisteddfod! Dit is ‘n fantastiese kunswedstryd wat passievol is oor die Uitvoerende Kunste en waar almal welkom is – enige ouderdom, enige talent!

Daar is iets vir almal: Spraak en Drama, modelwerk, musiekinstrumente, sang, dans, akrobate, visuele kunste (soos kunswerke, fotografie en selfs Lego’s!) en die opwindende Teatro / One Act Plays.

Hierdie jaar hou ons dit sommer net hier by ons! Die inskrywingsfooi begin by slegs R70 per item. Moenie uitstel nie, Skryf nou in!

Onthou, jy hoef nie 'n pro te wees nie – hierdie is jou kans om jou talente te wys en selfvertroue op die verhoog te bou.

Vir verdere inligting is beskikbaar by Me. Jonker.

Sport

Baie geluk aan die volgende dogters wat gekies is vir die Gauteng Nasionale Baseball Span. Zelda-Marie le Grange, Angelee Putter, Charné Meyer en Nadia Pieterse. Hierdie dogters toer Kaapstad toe.

Afwesighede

Baie dankie aan die ouers wat gereeld hul kinders skooltoe stuur en hul afwesighede en uitteken tot die minimum beperk. U hulp en ondersteuning word opreg waardeer.

Om enige onduidelikhede uit die weg te ruim gee ons die volgende inligting aan u deur indien u kind afwesig is gedurende die kwartaal of gedurende formele assesserings (eksamen en/of toetsdae en/of formele SBA):

- Dit is elke ouer/voog se verantwoordelikheid om die skool in kennis te stel indien u kind nie skool kan bywoon nie. **Indien ’n ouer nalaat om die skool in kennis te stel van sy/haar kind se afwesighede, sal die leerder na 10 dae (hoef nie aaneenlopend te wees nie) gederegistreer word.** U sal dan weer moet aansoek doen vir toelating tot die skool.
- Die nodige prosedure sal dan ook gevolg word om die afwesighede aan te meld by die onderwysdepartement.
- Ouers moet seker maak dat alle relevante kontakbesonderhede gereeld opgedateer word.
- Indien ’n leerder afwesig is, moet daar ’n mediese sertifikaat (selfs kliniekbrief), begrafnisbrief of ’n brief van ’n ouer ingehandig word. Die ouerbrief moet van die ouer wees soos op die stelsel by die skool.
- Die brief moet aandui wat die grondige rede is vir die leerder se afwesigheid.
- Indien geen brief ingehandig word nie en ‘n leerder is afwesig sonder ’n geldige verskoning, sal die leerder die kans verbeur om die toets weer te skryf. Die leerder sal 0 ontvang vir die vraestel, wat sy/haar promosie van die jaar kan beïnvloed.
- Neem asseblief kennis – indien ’n leerder nie ’n vraestel skryf soos aangedui op die toetsrooster nie, sal die afbakening verval en moet die leerder al die relevante werk leer. **’n Afwesige leerder sal ’n nuwe vraestel ontvang, gebaseer op die werk van die kwartaal.**
- Ons glo en vertrou u as ouer of as voog sal ons hande in die proses versterk en seker maak dat u kind betyds en teenwoordig is tydens die skryf van formele toetse en eksamens.
- **Alle afwesigheidsdokumente moet gestuur word aan admin@hstuine.co.za.**

Terreinverlating

Ouers word vriendelik, dog dringend versoek om alle afsprake in die middae na skool te reël. Kosbare onderrigtyd gaan verlore vir u kind. ’n Leerder mag slegs die terrein verlaat indien die ouer SELF die leerder by die algemene kantoor kom afhaal. Leerders sal slegs aan die EINDE van ’n periode uitgeroep word.

Vrydae is normale skooldae. Geen verlof om vroeër te vertrek vir vakansiedoeleindes of naweekwegbreke kan toegestaan word nie.

Ons doen ’n baie ernstige beroep op elke ouer vir u samewerking in die verband.
Hiermee saam wil ons ook dit beklemtoon dat enige ander afwesighede tot die

minimum beperk moet word. *Leerders bly te maklik tuis en dit benadeel hul vordering en veroorsaak ’n agterstand in hul skoolwerk.*

Voorkoms

Ouers moet asb. verseker dat die leerders se voorkoms korrek is.

Die seuns moet asb daagliks skoon geskeer wees.

Die dogters moet asb die regte oorbelle dra, indien die leerder onseker is kan sy by haar voog seker maak oor die korrekte oorbelle wat gedra mag word.

Die korrekte skooldrag is by die volgende verskaffers beskikbaar:

- **Die Hub**: geleë links van die Hoofhek op die Hoërskool Tuine terrein.
  Tel no: 072 806 7398

  Die Hub is die voorkeur verskaffers van alle skooldrag, sportdrag en bied ook ‘n skryfbehoefte afdeling.

- **Parktown Stores**: geleë op die hoek van Paul Kruger- en Booysenstrate in Parktown.
  Tel no: (012) 335 2740/084 678 6421.

Die skooldrag vir Gr. 8 - 12 leerders is as volg:

Somersdrag van die dogters	**Somersdrag van die seuns**
1. Voorgeskrewe donkerbruin dameslangbroek [mag NIE AFGEWERK word nie].	1. Donkerbruin skoolskoene of vellies. Nie swart skoene nie.
2. Donkerbruin skoene met bandjies oor die voet, ’n toerygskoen of vellies [GEEN TOMMIE TEKKIES of enige ander skoen].	2. Donkerbruin langkouse.
3. Beskuitjiebruin of wit katoensokkies [slegs EEN maal omgevou].	3. Donkerbruin kortbroek of donkerbruin langbroek.
4. Donkerbruin romp met SES bane – mag NIE afgewerk word nie. Die lengte van die skoolromp mag NIE korter as 8 [agt] sentimeter vanaf die grond wees as die dogter KNIEL nie.	4. Wit of beskuitjiebruin oopnekhemp.
5. Wit of Beskuitjiebruin (“Peter Pan” – kraag) bloesie.	5. Donkerbruin oortrektrui (“pull over”) met skoolkleure in die kraag (opsioneel).

6. Donkerbruin oortrektrui (“pull over”) met skoolkleure in die kraag (opsioneel)	6. ’n Skooldas is verpligtend by die dra van ’n langmouhemp.
7. Indien ’n LANGMOUhemp gedra word, moet ’n DAS aangesit word.	7. ’n Skooldas is verpligtend by die dra van ’n skoolbaadjie.
8. Daar moet ten alle tye die korrekte skooldrag ONDER die sportbaadjie/trui gedra word.	8. Daar moet ten alle tye die korrekte skooldrag ONDER die sportbaadjie/trui gedra word.

Selfoon beleid

Die skool is bewus daarvan dat ‘n selfoon asook ander elektroniese kommunikasie-apparate ‘n bruikbare instrument gedurende noodgevalle is. Die gebruik van slefone en ander elekroniese kommunikasie-apparate deur leerders tydens skoolure, veroorsaak egter kansentrasie- en dissiplinêre probleme en maak daarom die implimentering van streng reëls met betrekking tot die gebruik van selfone en ander elektroniese kommunikasie-apparate noodsaakliik. Klasse word dus beskou as ‘n selfoonvrye gebied en bogenoemde apparate mag nie sigbaar wees nie.

BELANGRIKE DATUMS EN GEBEURE

Neem asseblief kennis dat daar weekliks ‘n program uitgestuur sal word op die D6 toepassing sowel as sosiale media. Ons wil egter ook die volgende belangrike datums aan u komminikeer.

24 Januarie	Atletiek te Hoërskool Die Wilgers
29 Januarie	Graad 9-12 Ouerinligtingsaand
31 Januarie	Atletiek te Hoërskool Hartebeespoort
5 Februarie	Sluitingsdatum vir Allegretto kunswedstryd – Spraak en Drama afdeling
7 Februarie	Atletiek te Hoërskool Birchleigh
14 Februarie	Altetiek Tuis
18 Februarie	Interhoër

KOMMUNIKASIE KANALE

Ouers moet asseblief die onderstaande kanale volg om probleme, so na as moontlik aan die punt van oorsprong, op te los.

Probleme in verband met onderrig, leer en vakinhoude:

Vakonderwyser → Departementshoof (sien uiteensetting in inligtingstuk) → Akademiese hoof (Mev. Moorcroft) → Hoof

Probleme in verband met leerders anders as onderrig, leer:

Klasonderwyser → Graadvoog (sien uiteensetting in inligtingstuk) → Graadhoof (sien uiteensetting in inligtingstuk) → Hoof

Probleme in verband met Sport:

Afrigter → Sporthoof (Mnr. Treeby / Schutte) → Adjunkhoof (Mnr. Voges) → Hoof

Probleme in verband met Kultuur:

Afrigter → Mev. Dold → Adjunkhoof (Mev. Moorcroft) → Hoof

Probleme in verband met Geboue, Terrein en Instandhouding:

Adjunkhoof (Mnr. Voges) → Hoof

Probleme in verband met Veiligheid:

Adjunkhoof/Veiligheidsverteenwoordiger (Mnr. Voges) → Hoof

Probleme in verband met Meriete en Prysuitdeling:

Mev. Mahoney/Stoop → Adjunkhoof (Mev. Moorcroft) → Hoof

Gr.9 Vakkeuses:

Mev. Korff → Mev. Dold→ Adjunkhoof (Mev. Moorcroft) → Hoof

Roosters en vakverandering:

Mev. Dold→ Hoof

Maatskaplike probleme:

Mev. van Schalkwyk → Adjunkhoof (Mev. Moorcroft) → Hoof

Probleme in verband met Dissipline, Detensie en Boelies:

Dissipline kantoor → Mnr. Du Preez / Mnr. Schoeman → Hoof

Probleme in verband met afwesigheid:

Graadvoog / Graadhoof → Adjunkhoof (Mnr. Voges / Mev. Moorcroft) → Hoof

Agterstallige SBA take

Vakonderwyser → Departementshoof → Adjunkhoof (Mev. Moorcroft) → Hoof

FINANSIES EN ADMINISTRASIE

Ouers moet asb. kennis neem dat die betaling van skoolfonds vir 2025 vanaf Januarie tot November is. (Skoolfondse betaalbaar vir die jaar). Die eerste paaiement moet asseblief voor einde Januarie betaal word. **Ons doen 'n ernstige beroep op die ouers om te hou by die betaling van hulle ereskuld.**

Skoolgeld beloop, R24 200.00 per leerder per jaar.

11 GELYKE PAAIEMENTE VAN R2 200.00 PER MAAND VANAF 1 JANUARIE TOT 1 NOVEMBER.

Reëlings ten opsigte van skoolfonds

Skoolfonds is jaarliks/maandeliks vooruitbetaalbaar.

Sentrumfooie word gehef.

Alle skrifte moet self aangekoop word.

Betalingsmetodes

1. Debietorders
   Vorms is in die kantoor beskikbaar. U mag u betaaldatum kies (bv. 1ste of 15de van die maand, indien u datum na die 15de kies moet 1ste paaiement reeds betaal wees). Debietorder word na 2 nie-betalings gestop. Skakel finansieskantoor vir enige navrae.
2. Internetbetalings, Direkte betalings by die bank, Kaartlose deposito's by ABSA ATM
   In al die bogenoemde gevalle, gebruik u kind se leerderkode en van (bv. 18331 Theron).

   Indien u vir twee leerders betaal, gebruik die 2 leerderkodes bv. (18331 en 20/263). Die bedrag sal dan tussen die twee rekeninge verdeel word.

   Dit is belangrik om die regte verwysing te gebruik sodat geld na die regte rekening geallokeer kan word.
3. Kontantbetalings en kaartbetalings
   Leerders of ouers kan kontant- of kaartbetaling by die finansieskantoor betaal. Tye vir betalings, Maandag tot Donderdag voor skool (06:30 – 07:30), gedurende pouse, na skool tot 14:30. Vrydag slegs oggende en pouse.

Bankbesonderhede

Hoërskool Tuine

ABSA

Takkode: 632005

Rekeningnommer: 80850042

Verwysing: Leerderkode en van

Vrystellings

Aansoek vir vrystelling van skoolgelde sal vanaf 30 Januarie 2023 beskikbaar wees. Alle vorms moet deur ouers self by die skool uit- en ingeteken word. GEEN AANSOEK SAL AAN LEERDERS GEGEE WORD NIE.

Navrae

E-pos: finansies@hstuine.co.za

Tuine Groete

Mnr. J. Furstenberg

Hoof